**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
**Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za**

# 2025 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **Afrikaans Home Language** | | |
| **QUESTION PAPER** | **1** | | |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **2h** | | |
| **PROVINCE** | **Eastern Cape** | | |
| **NAME OF THE INTERNAL MODERATOR** | **Me HJ Strauss** | | |
| **NAME OF THE CHIEF MARKER** | **Mr RF vd Merwe** | | |
| **DATES OF MARKING** | **28/11/2025 – 11/12/2025** | | |
| **HEAD OF EXAMINATION:** | **Mr ME Mabona** | | |

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**


The question paper was fairly received by the 4 486 candidates of the Eastern Cape. The reading texts were interesting and within the scope of a grade 12 learner.


- The candidates did not perform well in Question 1. They probably performed worse than those of 2024. The comprehension question (Question 1) was answered average to poorly.
- The summary question (Question 2) was answered well.
- Language in context (i.e. grammar):
  Questions 3 and 4 were answered more or less the same as in 2024, below average, while Question 5 was answered poorly although better as in 2024.


All in all, we are concerned about the candidates' performances in Q3 to Q5.


The sample of 100 scripts presented the following averages:
Question 1: 54%
Question 2: 79%
Question 3: 47%
Question 4: 45%
Question 5: 44%


The average percentage for these scripts was 53%.






**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

## SECTION A: QUESTION 1 – LEESBEGRIP

| **QUESTION 1** |
|---|
| **(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Die kandidate het oor die algemeen gemiddeld tot swak in die begripstoets presteer.<br>Stapelvrae is minder as in die verlede gevra, maar is steeds swak beantwoord.<br>Daar is aansienlik minder kandidate wat Vlakke 6 en 7 kon behaal. Die gemiddeld vir VRAAG 1 is waarskynlik laer as in 2024. |

| QUESTION 2 |
| --- |
| **(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Weens gebrekkige lees- en begripvermoë het kandidate oor die algemeen gesukkel om vrae te beantwoord wanneer heelwat leeswerk vereis word.<br>Kandidate sukkel met sekere vrae, veral evalueringsvrae, waar die antwoord 'n funksiewoord moet bevat. (Bv. "Dui aan") – Vraag 1.1.2, 1.8, 1.13 en 1.14.2.<br><br>Kandidate gebruik dikwels generiese antwoorde en beantwoord nie begripsvrae teksgebonde nie. Hulle sukkel om inligting te herorganiseer en afleidings te maak. (Vraag 1.2, 1.3, 1.5 [tweede gedeelte]) Sommige kandidate is onkant gevang deur 1.1 omdat hulle tradisioneel besonder maklike vrae verwag.<br><br>Kandidate sukkel met die betekenis van die volgende terme:<br>• wanindrukke (1.3)<br>• enersyds en andersyds (1.12)<br>• effektiwiteit (1.13)<br>• noodsaaklikheid (1.14.2) |

| QUESTION 3 |
| --- |
| **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Moenie die onderrig van begripstoetse afskeep nie. Leer die leerders dat wanneer woorde soos "afsonderlik", "onderskeidelik", "ironie", "antiklimaks" in die vraagstelling voorkom, hulle na BEIDE KANTE van 'n saak moet verwys vir 1 punt. Indien "ironie" genoem word (1.4) moet beide kante in die regte volgorde weergegee word.<br><br>Gee hulle minstens 1 begripstoets per kwartaal. Gebruik vorige NSS-vraestelle en werk saam met die leerders deur die vraestel. Leer hulle ook om na die puntetoekennings te kyk en daarvolgens te antwoord.<br><br>Interne vraestelle moet 'n sterk ooreenkoms toon met eindvraestelle van DBE – NSS.<br>Leerders moet steeds vrae meer kernagtig beantwoord en 'n lang aanloop tot die kern vermy.<br><br>Maak leerders gewoond aan moeilike vraagstelling. |

| QUESTION 4 |
| --- |
| **(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Leerders se algemene versorging (netheid, leesbaarheid van handskrif, die volg van instruksies, soos ooplaat van 'n reël tussen antwoorde) het steeds aandag nodig.<br>Die belangrikheid van die lees van instruksies moet beklemtoon word.<br>Elke vraag MOET op 'n nuwe bladsy begin word.<br>Onderwysers moet hulle vergewis van die inhoud van die KABV-dokument.<br>Daar kan meer aandag gee word aan die beantwoording van stapelvrae en vrae wat 'n funksiewoord in die antwoord vereis. |

## SECTION B: QUESTION 2 – OPSOMMING

| QUESTION 1 |
| --- |
| **(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Oor die algemeen het die kandidate die vraag baie goed beantwoord. Baie kandidate het volpunte behaal. Gelukkig het kandidate ook aansienlik minder van direkte aanhalings gebruik gemaak. |

| QUESTION 2 |
| --- |
| **(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Sekere kandidate sukkel steeds om in volsinne te skryf: die onderwerp word dikwels uitgelaat/die gesegde is onvoltooid.<br>Kandidate het dikwels van stelsinne gebruik gemaak om wenke weer te gee. |

| QUESTION 3 |
| --- |
| **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Oefen ten minste een opsomming per kwartaal. Daar is genoeg vorige departementele vraestelle wat gebruik kan word.<br>Onderrig leerders in die formulering van volsinne. Wys leerders ook op die verskil tussen die infinitiewe vorm en 'n gesegde.<br>Wys leerders daarop dat hulle kolpunte moet vermy en volgens die instruksies die antwoord in paragraafvorm moet aanbied.<br><br>Indien kandidate twyfel, laat hulle so veel moontlik teksgebonde feite noem binne die |

| |
|---|
| toelaatbare woordetal. |

| QUESTION 4 |
|---|
| **(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Leerders moet in volsinne skryf. Laat die leerders kernwoorde in opsommings identifiseer en in volsinne oorskryf. Wys leerders daarop dat "eie woorde" dieselfde woorde as die aanhaling kan hê met slegs 1 woordverandering. Wys leerders daarop dat hulle nie te veel tyd moet spandeer aan oordrewe beplannings vir die opsomming nie aangesien dit kan veroorsaak dat kandidate nie die vraestel in die toegelate tyd voltooi nie.<br><br>Kandidate mag nie woordeliks aanhaal nie, maar hulle moenie op 'n oordrewe manier "eie woorde" gebruik nie. Probeer eerder om die kern van die geïdentifiseerde feit in die woorde van die teks weer te gee (sonder om die hele sin aan te haal.) Die metode van puntetoekenning moet aan leerders bekend gemaak word. Hulle moet antwoorde in die teks soek en nie eie menings gee nie. Wys leerders daarop dat, indien hulle wenke wil weergee, die sin moet begin met 'n werkwoord of "Jy moet..." |

## SECTION C: QUESTION 3 – TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

| QUESTION 1 |
|---|
| **(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Leerderc het hierdie vraag aansienlik beter as in 2024 beantwoord. |

| QUESTION 2 |
|---|
| **(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| KTB – "Kritiese Taalbewustheid" is steeds moeilik vir die meerderheid kandidate.<br>Kandidate sukkel met die betekenis van woorde soos "manipuleer" (3.2) "ondersteun" (3.4) en "effektief" (3.5). |

| QUESTION 3 |
|---|
| **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Kandidate moet blootgestel word aan meer advertensie-oefeninge. Bl. 24 in die KABV, "Interpretasie van visuele tekste", moet bestudeer word. |

| QUESTION 4 |
|---|
| **(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Leerders moet aan 'n verskeidenheid visuele tekste blootgestel word. Neem die Eksamenriglyne, 2021, in ag wanneer u taal-in-konteks-vrae opstel.<br>Wys kandidate op die noodsaaklikheid om kennis te hê van basiese spelreëls (3.3).<br>Verwag ook onvoorspelbare vrae in VRAAG 3. |

## SECTION C: QUESTION 4 – TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

| QUESTION 1 |
|---|
| **(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Kandidate het nie hierdie vraag goed beantwoord nie. |

| QUESTION 2 |
|---|
| **(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Kandidate sukkel met geïmpliseerde taal (4.3) en die lydende vorm (4.4).<br>Kandidate se vermoë om 'n strokiesprent te interpreteer en evalueer is nie na wense nie. (4.5) en (4.8).<br><br>Sommige kandidate sukkel met die term "antiklimaks" (4.6). |

| QUESTION 3 |
|---|
| **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Gebruik 'n verskeidenheid strokies van verskillende bronne en temas sodat leerders blootgestel kan word aan tipiese KTB-vrae. Stel vrae op volgens die Eksamenriglyne, 2021. |

| QUESTION 4 |
|---|
| **(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Wys leerders op die verskille tussen generiese antwoorde en konteksgebonde antwoorde. (4.5), (4.6) en 4.8.<br>Laat leerders oefeninge oor die lydende vorm in verskillende tydsvorme doen, spesifiek met meer as een hulpwerkwoord. Let op korrekte sinskonstruksie/woordoorde.<br>Wys leerders daarop dat, indien 'n antiklimaks bespreek/genoem word, die gebeure in chronologiese volgorde genoem moet word. |

## SECTION C: QUESTION 5 – TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

| QUESTION 1 |
|---|
| **(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Kandidate het nie goed presteer in hierdie vraag nie, maar daar is 'n aansienlike verbetering in vergelyking met 2024. |

| QUESTION 2 |
|---|
| **(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Oor die algemeen het die leerders nie genoegsame kennis van taalstrukture en -konvensies nie.<br><br>Kandidate sukkel steeds met die volgende <u>basiese</u> beginsels:<br>• woordeskat (5.1)<br>• bywoorde (5.2 – eerste gedeelte)<br>• antonieme – binne konteks (5.3)<br>• hulpwerkwoorde (5.5.1 – eerste gedeelte)<br>• sinswyses (5.5.1 – tweede gedeelte)<br>• intensiewe vorme en spelwyse daarvan (5.5.2)<br>• punte by afkortings (5.6) |

| QUESTION 3 |
|---|
| **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Motiveer leerders om meer taalkunde te leer en onderwysers behoort meer taaloefeninge in die klas te hersien. |

| QUESTION 4 |
|---|
| **(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Gebruik die KABV-dokument veral bl.103 tot 106. Onderrig basiese taalkunde in alle grade, maar veral in grade 10 en 11.<br>Vaslegging van taal behoort in graad 10 en 11 gedoen te word aangesien die verminderde voorgeskrewe werke tydens hierdie jare meer tyd vir taalkunde toelaat.<br>Leerders se gebrek aan basiese taalkennis, 'n leeskultuur en woordeskat dra ongelukkig by tot hierdie powere uitslae. Baie onderwysers spandeer soveel tyd aan voorgeskrewe in graad 12 dat taal dikwels afgeskeep word. |